



word

Jakobus: Nie
so strooierig
soos Luther
gedink het nie

De waal Esterhuizen

word

Jakobus, 'n dienskneg van God en die Here Jesus Christus, aan die twaalf stamme wat in die verstrooiing is: Groete! Jas Ag dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoekinge val, **Jakobus 1:1-2 {OV}**

word

omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk. Maar die lydsaamheid moet tot volle verwerkliging kom, sodat julle volmaak en sonder gebrek kan wees en in niks kortkom nie.

Jakobus 1:3-4 {OV}

word

En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyf, en dit sal aan hom gegee word. Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word.

Jakobus 1:5-6 {OV}

word

Want dié mens moenie dink
dat hy iets van die Here sal
ontvang nie—
so 'n dubbelhartige man,
onbestendig in al sy weë.
Maar laat die broeder wat
gering is, roem in sy
hoogheid,

Jakobus 1:7-9 {OV}

word

en die ryke in sy geringheid,
want soos 'n blom van die
gras sal hy verbygaan.

Want die son gaan op met sy
hitte en laat die gras verdor,
en sy blom val af, en die
sierlikheid van sy gedaante
vergaan; so sal die ryke ook
in sy weë verwelk.

Jakobus 1:10-11 {OV}

word

Salig is die man wat versoeking verdra, want as hy die toets deurstaan het, sal hy die kroon van die lewe ontvang wat die Here beloof het aan die wat Hom liefhet. Laat niemand, as hy in versoeking kom, sê: Ek word deur God versoek nie. Want God kan deur die kwaad nie versoek word nie, en self versoek Hy niemand nie. **Jakobus 1:12-13 {OV}**



word

Maar elkeen word versoek as hy deur sy eie begeerlikheid weggesleep en verlok word. Daarna, as die begeerlikheid ontvang het, baar dit sonde; en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort.
Jakobus 1:14-15 {OV}

word

Moenie dwaal nie, my geliefde broeders. Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie.

Jakobus 1:16-17 {OV}



word

Volgens sy wil het Hy ons voortgebring deur die woord van die waarheid, sodat ons as eerstelinge van sy skepsele kan wees. So dan, my geliefde broeders, elke mens moet gou wees om te hoor, stadig om te praat, stadig om toornig te word.

Jakobus 1:18-19 {OV}



word

Want die toorn van 'n man
bework nie die geregtigheid
voor God nie. Daarom, doen
afstand van alle vuiligheid en
oorvloed van boosheid, en
ontvang met sagmoedigheid
die ingeplante woord, wat in
staat is om julle siele te red.

Jakobus 1:20-21 {OV}



word

En word daders van die
woord en nie net hoorders
wat julleself bedrieg nie.
Want as iemand 'n hoorder
van die woord is en nie 'n
dader nie, dié is soos 'n man
wat sy natuurlike gesig in 'n
spieël sien;

Jakobus 1:22-23 {OV}

word

want hy sien homself en gaan weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het. Maar hy wat diep insien in die volmaakte wet van die vryheid en daarby bly, hy sal, omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n dader van die werk, gelukkig wees in wat hy doen.

Jakobus 1:24-25 {OV}

word

As iemand onder julle meen dat hy godsdienstig is en sy tong nie in toom hou nie, maar sy hart mislei, die godsdiens van hierdie man is tevergeefs. Reine en onbesmette godsdiens voor God en die Vader is dít: om wese en weduwees in hulle verdrukking te besoek en jouself vlekkeloos te bewaar van die wêreld.

Jakobus 1:26-27 {OV}